# BOODSKAP VAN GELUKWENSING

Dit is vir my 'n behoefte en 'n besondere voorreg om in my hoedanigheid as die eerste redakteur (1969 - 1973), by geleentheid van die mondigwording van *Militaria,* my opregte gelukwense aan almal oor te dra wat tans die belange van die Suid-Afrikaanse Weermag se eie militêre-historiese tydskrif en vakblad behartig.

Terugsiende geld dit ook vir die onderskeie redakteurs en lede van vroeë redaksionele komitees, die Dokumentasiediens en die voormalige Militêre-Historiese en Argivale Dienste (MHAD), albei van die Suid-Afrikaanse Weermag, wat in die verlede in die voorste linie gestaan het.

Dit is bemoedigend dat die Suid-Afrikaanse Weermag reeds in 1969 die belangrikheid van die propagering van die militêre geskiedenis, as 'n onderwerp van studie en verryking van kennis, in tydskrifvorm, besef het. Een van die uitvloeisels van dié gedagtegang was die verskyning van *Militaria.*

Deur 'n verskeidenheid van onderwerpe en sy deurgaans hoë wetenskaplike peil, het die genoemde publikasie ongetwyfeld veel daartoe bygedra dat die belangstelling in ons vaderland se militêre verlede, sowel binne as buite die Suid-Afrikaanse Weermag sterk toegeneem het. Van al die dikwels uitdagende en sterk uiteenlopende opdragte wat tussen 4.7.1964 en 31.8.1973 deur die skrywer aangepak is, was - volgens sy beskeie mening - die voortdurende verantwoordelikheid ten opsigte van die inhoud en die redaksionele versorging van *Militaria,* wat dikwels navorsingswerk en die opstel van 'n groot aantal bydraes ingesluit het, verreweg die belangrikste opdrag wat aan hom gegee is.

Van 1969 tot 1972 het hy ook as 'n lid van die redaksionele komitee, onder genl maj, G.H.F. Markgraaff, SM, Direkteur-generaal Personeel, gedien. Vanaf 1970 was hy Stafoffisier Navorsingsdienste, MHAD, en vanaf 1972 redakteur van *Militaria* .

In dié jaar was die redaksionele komitee, met genl maj G.H.F. Markgraaff, SM, as beskermheer van *Militaria,* soos volg saamgestel: brig J.G.W. van Wyk, SM; kapt (SAV) C.J. de Villiers, en maj (later kol) F.J. Jacobs.

Laasgenoemde het die leisels van die uittredende redakteur in 1973 oorgeneem.

Die grondslag is gelê en, met geringe wysigings, kon - tot vandag toe - op 'n reeds bestaande tradisie voortgebou word.

My innigste wens en begeerte is, dat *Militaria* onder sy huidige redakteur mnr Eric McPherson, BA, in alle opsigte 'n rooskleurige toekoms mag tegemoet gaan. Mag *Militaria* by voortduring groei en bloei.

Kol (dr ) Jan Ploeger

# CONGRATULATORY MESSAGE

It is a pleasure and a privilege for me as the first editor of Militaria (1969 - 1973) to extend my best wishes to all those concerned with the compilation of the SADF's own military-historical periodical.

In looking back this also applies to the various editors and members of previous editorial committees, the Documentation Service and the former Military Historical and Archival Services which together stood in the front line.

It is reassuring that the South African Defence Force, back in 1969, realised the importance of propagating military history as a subject of study and enrichment of knowledge in periodical form. One of the fruits of this concept was the creation of Militaria.

By means of a diversity of subjects and a consistently high scientific standard this publication undoubtedly contributed to the increasing interest in our country's military past, both within and outside the South African Defence Force.

In the humble opinion of the writer, by far the most important of all the frequently challenging and divergent orders received between 4.7.1964 and 31.8.1973 which he tackled, the most important was that involving the continual responsibility regarding editing of Militaria. This frequently involved research work and the composition of a considerable number of articles.

From 1969 to 1972 he also served on the editorial committee under Maj Gen G.H.F. Markgraaf, SM, Director General of Staff. As from 1970 he was Staff Officer, Research Services and from 1972 editor of Militaria. During this year the editorial committee, with Maj Gen G.H.F. Markgraaf, SM, as patron of Militaria, consisted of Brig J.G.W. van Wyk, SM; Capt (SAN) C.J. de Villiers and Maj (later Col) F.J. Jacobs. The latter took over the reins from the retiring editor in 1973.

The foundations which were laid then made it possible to continue, with minor adjustments to this existing tradition.

My dearest wish and desire is that Militaria will in all ways, under its existing editor Mr Eric McPherson, BA have a rosy future. May Militaria continue to grow and blossom.

Col Dr Jan Ploeger